higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4

24 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 A
1.3 C
1.4 D
1.5 C

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 G
3.2 L
3.3 F
3.4 J
3.5 A
3.6 H
3.7 B
3.8 C
3.9 E
3.10 I

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 voorsittende beampte
4.2 waardigheid
4.3 regterlike liggaam
4.4 in die hof tydens ’n verhoor
4.5 buite die hof

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 5

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Maksimum TWEE (2) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige TWEE (2) van die volgende:

5.1 Wanneer ’n misdaad by die polisie aangemeld word, begin die polisie met die ondersoekproses. Die polisiebeampte in die gemeenskapsdienssentrum (GDS) (of aanklagkantoor) by die polisiekantoor maak ’n saakdossier oop. Dit is ’n lêer waarin die werklike klag skriftelik opgeteken word. Inligting word by die klaer en/of getuies afgeneem in die vorm van verklarings (beëdigde verklarings) en hierdie dokumente word in hierdie saakdossier geliasseer. (Enige 2 × 1) (2)

Aantekening aan die nasiener: Mag eie interpretasie en begrip toepas.

5.2
- Aspekte is onderdele of gedeeltes van iets; nie die hele ding nie.
- Vrywillig verwys na die manier waarop iets gedoen word sonder dwang of verpligting, dus uit eie vrye wil.
- Ontvangs is die proses waarvolgens iets verkry en aanvaar is.
- Bestaande regstelsel verwys na ’n huidige regstelsel wat op ’n sekere tydstip in gebruik is. (4)

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Maksimum VYF (5) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige VYF (5) van die volgende:

5.3 Doelwitte van die Afrika-unie (AU):

Die doelwitte van die AU wat van toepassing is op die regte van gearresteerde en aangehoudenes is in ooreenstemming met die *Handves van die Verenigde Nasies* en die Universele Verklaring van Menseregte (UVMR):

- Om internasionale samewerking aan te moedig
- Om mense en volkere se regte ooreenkomstig die Afrika Handves van Mense- en Volkereregte asook ander toepaslike menseregte-instrumente te bevorder en te beskerm. ✓

Die *Afrika Handves van Mense- en Volkereregte* word deur die Afrika Kommissie vir Mense- en Volkereregte (AKMVR) vertolk. Dit is ’n kwasigeregtelike liggaam aan wie die taak opgelê is om menseregte en kollektiewe regte oor Afrika heen te bevorder en te beskerm. Dit ondersoek menseregteskendings, skep en keur aksieprogramme goed om menseregte aan te moedig, en vestig effektiewe kommunikasie tussen die liggaam en state om eerstehandse inligting oor menseregteskendings te bekom. Die AKMVR het nie enige werklike gesag nie en kan nie wette afdwing nie. Hulle formuleer voorstelle wat aan die Vergadering van Staatshoofde gestuur word om dienooreenkomstig te handel. (5)

(Enige 5 × 1)

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Maksimum VIER (4) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige VIER (4) van die volgende:

5.4 Die staatspresident kondig van tyd tot tyd af dat amnestie van spesiale afslag vir ’n bepaalde tydperk aan sekere kategorieë oortreders toegestaan word. ✓ ’n Oortreder se vonnis word verminder met die toegestane amnestie en die amnestie kan nie later om enige rede verbeur word nie.✓ (Enige 4 × 1) (4)

[15]

VRAAG 6

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die student kan dagparool aanbeveel of dit afkeur – die redenasie moet die beginsels van dagparool bevat. Ken EEN (1) punt toe vir die aanbeveling en VIER (4) punte vir die redenasie. Maksimum VYF (5) punte mag vir hierdie vraag toegeken word. Enige VIER (4) van die volgende:

6.1 Dagparool is ’n plasingsopsie wat gebruik word om effektiewe beheer oor gekose oortreders te verseker wat nog nie in alle opsigte gereed is vir plasing op parool nie. Dit kan dus as ’n voorfase vir parool beskou word.

Sulke paroolgangers word toegelaat om die korrektiewe sentrum gedurende kantoorure te verlaat, byvoorbeeld om te werk, werk of akkommodasie te soek en programme by te woon, maar hulle moet snags/saans na die korrektiewe sentrum terugkeer.

Oortreders wat vir dagparool gekies kan word, is diegene wat:

- praktiese hervestigingsprobleme ervaar. ✓
- geïnstitusionaliseer is of diegene met aanpassings- of sosialiseringsprobleme. ✓
- ’n onseker prognose het en ’n hoë veiligheidsrisiko inhou

Die doel is om kriminalisering en institusionalisering teen te werk in die sin dat:

- Die dagparoolganger geleidelik aan lewe in ’n vry samelewing gewoond raak.
- Beheer en toesighouding steeds gedurende die dagparooltydperk oor die dagparoolganger uitgeoefen word.
- Hy of sy stelselmatig aan meer verantwoordelikheid blootgestel word.
- Die parool of korrektiewe toesig oor ’n paroolganger wat nie die voorwaardes nakom nie, opgeskort kan word en die oortreder in ’n korrektiewe sentrum aangehou kan word om die oorblywende gedeelte van die vonnis uit te dien. ✓

(Enige 5 × 1) (5)

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Maksimum VIER (4) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige VIER (4) van die volgende:

6.2 Die betoog vir die verdediging word gevoer volgens dieselfde prosedure wat die staat volg. Die enigste verskil is dat die posisie omgekeer is:

- Die verdediging het die geleentheid om 'n hoofondervraging van sy getuies uit te voer.
- Die openbare vervolger het die geleentheid om elke getuie vir die verdediging te kruisondervra op dieselfde manier wat die verdediging staatsgetuies kruisondervra het om gebreke in die verdediging bloot te lê.
- Die verdediging het ook die geleentheid om sy getuies te herondervra om lig te werp op geskilpunte of twyfelagtighede wat deur die kruisondervraging geopper is.
- Die verdediging sluit sy saak af nadat al die getuienis ter verdediging van die beskuldigde gelei is. (Enige 4 × 1) (4)

Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde gee. Dit is toegepaste teorie in praktyk – – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Maksimum SES (6) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige SES (6) van die volgende:

6.3 **Die proses van beregting en vonnisoplegging**

Vonnisoplegging:

Die drie beginsels (die triade) wat as die basiese elemente van vonnisoplegging deur howe uitgewerk is, word toegepas wanneer 'n vonnis opgelê word. Die drie beginsels wat by vonnisoplegging oorweeg moet word, is:

- Die erns van die misdaad ✓
- Die belange van die gemeenskap
- Die bepaalde persoonlike omstandighede van die beskuldigde

Vonnisoplegging is ingewikkeld omdat verskeie faktore in gedagte gehou moet word wanneer 'n geskikte vonnis oorweeg word. Drie vrae wat onderling verband hou, is die volgende:

- Wat is die toepaslike doelstellings van vonnisoplegging en hoe behoort dit geweeg te word in die lig van die feite van die huidige saak?
- Hoe kan die doelstellings van vonnisoplegging in die omstandighede van die saak bereik word?
- Watter spesifieke vonnis is geregverdig gegewe die feite van die saak?

Oplegging van die vonnis:

Die beslissing met betrekking tot die vonnis is 'n belangrike element in hofverrigtinge. Met die uitspreek van die beslissing, kondig die verhoorhof die vonnis aan en maak dit aan die beskuldigde en ander belanghebbende partye bekend.

Die beslissing moet gegee word:

- In die ope hof en in die teenwoordigheid van die beskuldigde.
- In die teenwoordigheid van alle belanghebbende partye ✓
- In 'n taal wat die beskuldigde en alle belanghebbende partye kan verstaan.
- So gou moontlik ná skuldigbevinding.

Nadat die beskuldigde die vonnis aangehoor het, mag hy of sy om verlof tot appèl teen die uitspraak na 'n appèlhof aansoek doen. Die appèlhof sal in 'n posisie wees om die gedagterigting van die verhoorhof ten tyde van die oplegging van die vonnis te identifiseer en te oorweeg. Vonnisoplegging is die plig van die voorsittende beampte, wat alleen op 'n geskikte vonnis besluit en die oortreder vonnis. (Enige 6 × 1) (6)

[15]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 7

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Maksimum VYF (5) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige VYF (5) van die volgende:

7.1 **Die prosedure van die akkusatoriese proses in die hof is soos volg:**

- Pleit: Die beskuldigde pleit skuldig of onskuldig op die aanklag. (Veronderstel 'n pleit van onskuldig.)
- Saak vir vervolging: Die aanklaer open die saak en roep getuies (verdediging kan getuies kruisondervra).
- Saak vir die verdediging: Die verdediging open die saak en roep getuies (beskuldigde mag getuienis lewer indien hy/sy dit wil doen).
- Slotrede/slotbetoog: Albei partye kan die hof toespreek om hul argumente te lewer.
- Uitspraak: Voorsittende beampte lewer die uitspraak.
- Vonnis: Die voorsittende beampte vonnis die beskuldigde nadat versagtende en verswarende faktore oorweeg is. (5)

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die student moet sy/haar begrip van die konsep demonstreer, bv "beskerming van die eienaar en die myn – geen onnodige inligting sal aan enigiemand of die media verskaf word nie". Maksimum VYF (5) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige VYF (5) van die volgende:

7.2 Hierdie handves erken die regte van slagoffers om:

- Billik en met respek vir waardigheid en privaatheid behandel te word
- Inligting aan te bied (5)

Copyright reserved

- Inligting te ontvang
- Beskerm te word
- Bygestaan te word✓
- Vergoed te word
- Restitusie te ontvang (Enige 5 × 1)

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die student moet sy/haar begrip van die konsep demonstreer, bv "die identifisering van die spesifieke gevangene wat met die aanklag van besit van goudkonsentraat verband hou". Maksimum VYF (5) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige VYF (5) van die volgende:

7.3 Die identiteit van elke aangehoudene moet vasgestel word onmiddellik ná opname deur duimafdrukke te neem en dit te vergelyk met dié wat deur die polisie geneem is. Dit is nie 'n eenmalige proses nie – wanneer ook al gevangenes/aangehoudenes 'n gevangenis verlaat en later terugkeer, moet hul duimafdrukke weer geneem word en met die rekord voorhande vergelyk word. Die persoon wat vir die identifisering verantwoordelik is, moet ook die toepaslike dokument onderteken. Benewens die oorspronklike identifisering is dit ook noodsaaklik dat aangehoudenes op enige tydstip identifiseerbaar moet wees. Vir hierdie doel ontvang elke aangehoudene 'n identiteitskaart by opname wat te alle tye gedra moet word. Hierdie kaart word uitgereik volgens die huidige status van 'n aangehoudene, met die voorwaarde dat, indien die status verander, die kaart dienooreenkomstig gewysig sal word. (5)

[15]

VRAAG 8

Aantekening aan die nasiener: Die leerder kan bykomende verduidelikings en/of voorbeelde in hul eie woorde gee. Dit is toegepaste teorie in praktyk – derhalwe kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Ken maksimum TWEE (2) punte toe vir die verduideliking van die term *getuie*. Ken maksimum DRIE (3) punte toe vir die verduideliking van die term *getuienis.*

8.1

Getuies	Getuienis
• 'n Getuie is 'n persoon wat inligting of getuienis aan 'n hof gee oor 'n vermeende oortreding. • 'n Getuie is 'n menslike wese.	• Getuienis sluit in alle feite wat aan die hof voorgelê word om die geskilpunt te besleg. • Getuienis sluit sowel skriftelike as mondelinge verklarings deur getuies in, asook voorwerpe en dokumente wat vir inspeksie aan die hof voorgelê word.

(2 + 3) (5)

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die student moet sy/haar begrip van die konsep demonstreer, bv "die oortreders moet afsonderlik in die selle aangehou word". Maksimum VYF (5) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige VYF (5) van die volgende:

8.2 Kragtens artikel 7 van die WKD is die skeiding van die verskillende kategorieë aangehoudenes nog 'n belangrike kwessie, naamlik:

- Aangehoudenes wat gevonnis is, moet weg van ongevonniste aangehoudenes aangehou word.
- Manlike en vroulike aangehoudenes moet afsonderlik aangehou word.
- Aangehoudenes wat kinders is, moet weg van volwasse aangehoudenes aangehou word in akkommodasie wat geskik is vir hul ouderdom.
- Aangehoudenes van spesifieke ouderdoms-, gesondheids- of veiligheidsrisikokategorieë moet afsonderlik aangehou word, soos deur regulering voorgeskryf.
- Daar kan van hierdie bepalings afgewyk word indien dit goedgekeur word deur die Hoof van die gevangenis, en uitgevoer word onder toesighouding van 'n korrektiewe beampte en onderneem word met die doel om ontwikkelings- of steundienste of mediese behandeling te verskaf, maar onder geen omstandighede mag afgewyk word wat slaapakkommodasie betref nie. Die bostaande bepalings uit die WKD stem ook met die standaardminimumreël 8 ooreen.✓

(Enige 5 × 1) (5)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

VRAAG 9

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die student moet sy/haar begrip van die konsep demonstreer, bv "herintegrasie van aangehoudenes in die samelewing". Ken maksimum VYF (5) punte vir elk van die volgende toe:

- Kenmerke van doeltreffende herintegrasieprogramme
- Institusionele programme
- Gemeenskapgebaseerde programme

Maksimum VYFTIEN (15) punte kan vir hierdie vraag toegeken word:

9.1 **Herintegrasieprogram: Kenmerke van doeltreffende herintegrasieprogramme**

- Multikultureel en deur mense geskep: Suid-Afrika het 'n diverse bevolking en sensitiwiteit moet aan die dag gelê word.
- Transformasioneel: Skep ruimte en die geleentheid vir mense wat die program deurloop om hul optrede vrywillig te verander.
- Reisgebaseer: Die program behoort daarna te streef om gevangenes weg te keer van konflik met behulp van die reg en sosiale norme en waardes. Die gevangene moet 'n handelswyse herdefinieer en doelstellings en strategieë formuleer.
- Prosesgebaseer: Programme behoort breedvoerig beplan te word en bereikbare doelwitte behoort geformuleer te word om op die gevangenes se sterk punte voort te bou.
- Aanpasbaar: Programme behoort sodanig te wees dat dit volgens veranderende situasies aangepas kan word.
- Multifokus: 'n Program moet die kompleksiteit van die menslike natuur in ag neem en na die verlede, hede en toekoms kyk. Die gevangenes moet hulself met betrekking tot andere verken en strategieë vir verandering formuleer.
- Multidimensioneel: Programme moet ruimte skep vir die multidimensionele aard van menslike interaksie en sosiale, geestelike en sielkundige aspekte van die gevangenes hanteer, met inagneming van die oortreders se potensiaal en intellek. Verdere aspekte, bv inspirasie, geskiedkundige en kulturele wortels, gemeenskapservarings, emosies en die manier waarop hulle hulself uitdruk, dra tot die sukses van die program by.
- Holistiese benadering: Die program moet die waardes en beginsels van die omgewing weerspieël.
- Hulpbronryk: Verskillende rolspelers en hulpbronne behoort gebruik te word, insluitend vrywilligers, families, NRO's en gemeenskapgebaseerde organisasies (GBO's), beroepslui, die private sektor asook beleidmakers en besluitnemers.
- Aktiewe ervaring: Die deelnemers moet in staat wees om die waardes en beginsels wat uit die program verkry is, te implementeer. Die doel van straf moet wees om 'n beter individu aan die samelewing terug te gee. ✓(Enige VYF)

Herintegrasieprogram: Institusionele programme

- Institusionele programme wat deur tronke bedryf word, word aangebied volgens die diskresie van die persoon wat dit aanbied.
- Maatskaplike werkers en ander steunpersoneel kan programme toepas wat hulle as suksesvol of relevant geïdentifiseer het.
- In die verlede het die Departement van Korrektiewe Dienste dikwels duur buitelandse programme aangekoop om in Suid-Afrikaanse tronke in werking te stel.
- Fine se beginsels vir ’n doeltreffende program stel dit duidelik waarom hierdie programme dikwels onsuksesvol was.
- Fine se kriterium van ’n multikulturele omgewing verseker sensitiwiteit en ’n kultureel toepaslike ontwerp. Dit is noodsaaklik dat die program vir uiteenlopende kulture voorsiening maak.
- Ons moet ’n Westerse met ’n Afrika-perspektief integreer.
- Die behoefte aan huidige institusionele programme sluit in lewensvaardighede, opvoedkundige programme, werksvaardighede, ontspanningsvaardighede, konflikbestuursvaardighede en programme wat ontwikkel word om die gevangene te help om by die lewe in die gemeenskap te herintegreer en daarby aan te pas. (Enige VYF)

Herintegrasieprogram: Gemeenskapgebaseerde programme

- Die volgende programme is inisiatiewe wat in Suid-Afrika funksioneer en wat die unieke sosio-ekonomiese, politieke en kulturele aard van die bevolking in ag neem.
- Die Nasionale Instituut insake Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders (NIMRO). Dit is ’n organisasie sonder winsoogmerk/winsmotief wat by misdaadvermindering en gemeenskapsontwikkeling betrokke is. Dit onderskryf ’n intensiewe program van 9 tot 12 maande, genaamd “Is jy sterk genoeg?”, wat voormalige oortreders bystaan en hulle in staat stel om verantwoordelikheid vir hul lewe te aanvaar en ’n beter toekoms vir hulself en die familie te skep.
- ’n NIMRO-werker werk nou saam met die individu, die familie en die gemeenskap om die oortreder in staat te stel om enige probleme op te los. Die gemeenskap word aangemoedig om ’n omgewing te skep wat die oortreder sal help om sy/haar doelstellings te bereik en uit die tronk te bly.
- Die individu moet ’n kontrak met NIMRO sluit, wat die tipe diens en verantwoordelikhede daarby betrokke bepaal, sowel vir die oortreder as NIMRO.
- ’n Mentor word aan die deelnemer toegewys wat as ’n gids dien en die persoon ondersteun.
- Die program bied ekonomiese geleenthede en ander vaardigheidsopleiding. Deelnemers vorm steungroepe wat in die instelling en die gemeenskap funksioneer.
- Ander programme word aangebied deur die Common Prisoners’ Rehabilitation Agency (COMPRA), die Suid-Afrikaanse Gevangenes-organisasie vir Menseregte (‘South African Prisoners' Organisation for Human Rights’) (SAPOHR), Prison Fellowship International (PFI) en die Gauteng Rehabilitasietrust (GRT).

Kopiereg voorbehou

- Hulle oorbrug die gaping tussen die gevangenis en die gemeenskap.
- Daar word dikwels van oortreders wat op dagparool of parool vrygelaat word, verwag om programme soos die bogenoemde by te woon. (Enige VYF)

(3 × 5) (15)

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die student moet sy/haar begrip van die konsep demonstreer, bv *herintegrasieteorie*. Maksimum VYF (5) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige VYF (5) van die volgende:

9.2 Die herintegrasieproses begin so gou moontlik nadat die gevangene tronkstraf opgelê is. Enige goeie bestuursfilosofie moet op ’n herintegrasiebenadering gegrond wees.

Die herintegrasieteorie van straf is op twee morele uitgangspunte gegrond:

- Dit is beter vir individue om met mekaar in gemeenskap te wees as nie.
- Gemeenskap moet nagestreef te word wanneer dit afwesig is.

Hierdie uitgangspunte impliseer dat, deur middel van integrasie, die oortreder steeds as deel van ’n gemeenskap beskou word, wat in staat is om soos enige ander lid van die gemeenskap of wetsgehoorsame burgers te funksioneer en te lewe. Straf word dus geregverdig om die gemeenskap te herstel wanneer ’n misdaad gepleeg word.

Hoe bring ons ’n herintegrasiebenadering in die korrektiewe stelsel teweeg? Die eerste stap is om herintegrasieprogramme in gevangenisse/tronke bekend te stel wat die gevangenes op hul vrylating terug in die gemeenskap voorberei. (Enige 5 × 1) (5)

[20]

OF

VRAAG 10

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die student moet sy/haar begrip van die konsep demonstreer, bv professionalisme en dienslewering. Maksimum SEWE (7) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige SEWE (7) van die volgende:

10.1 Spesifieke riglyne word vir lede van die SA Polisiediens (SAPD) voorgeskryf wanneer hulle te doen het met ’n persoon wat ’n misdaad aanmeld. Dit sluit in hoe om ’n persoon te hanteer wat die verslag indien, bekend as die klaer, en die stappe om die verslag te hanteer.

Wanneer hulle met ’n klaer by die polisiekantoor te make het, moet die SAPD-lid altyd die beginsels van Batho Pele in gedagte hou. Die klaer moet die beste moontlike aandag van die polisiebeampte ontvang.

Die beampte moet altyd die volgende onthou:

- Klaers voel dat hul verslae belangrik is en dat hulle die SAPD se hulp nodig het.
- Die hulp of diens wat benodig word, hang af van die besonderhede van die klag wat ingedien word (in hierdie geval die verdagte wat in die Southport-gebied in besit van ’n ongelisensieerde vuurwapen was).
- Die SAPD word deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verplig om ’n diens aan die publiek te lewer.

Die polisiebeampte wat met die klaer te make het, kan dalk die eerste beampte van die SAPD wees met wie die klaer ooit te doen kry. Dit is dus belangrik dat die polisiebeampte professioneel optree sodat die klaer ’n positiewe ervaring sal hê, aangesien eerste indrukke blywend is. (Enige 7 × 1) (7)

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die student moet sy/haar begrip van die konsep demonstreer, bv “gemoedstoestand en om die klaer se vertroue te wen”. Maksimum AGT (8) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige AGT (8) van die volgende:

10.2 **Bepaal die gemoedstoestand van die klaer.**

- Polisiebeamptes moet in gedagte hou dat klaers in verskillende emosionele toestande by die polisiekantoor kan opdaag as gevolg van hul ervaring, veral as hulle slagoffers van geweldsmisdade was.
- Sommige klaers sal ontsteld en kwaad wees, terwyl andere uiters angstig en oorstuur kan wees.
- Dit is belangrik dat polisielede onthou dat, wanneer ’n klaer skakel of by die stasie opdaag om ’n klag in te dien, hy/sy die slagoffer (of getuie) van die een of ander vorm van misdaad was.
- Die polisiebeampte wat die klaer behulpsaam is, behoort te probeer om hom/haar in die klaer se plek te stel. Onthou die uitdrukking: “Doen aan andere wat jy graag aan jouself gedoen wil hê.”
- Met ander woorde, as jy die klaer was, watter diens sou jy van die polisie wou ontvang? Polisiebeamptes behoort te probeer om die klaer se gemoedstoestand te identifiseer en dienooreenkomstig op te tree.

Wen die klaer se vertroue

- Polisiebeamptes behoort te probeer om die klaer te kalmeer.
- Dit kan op verskillende maniere gedoen word. Die benadering hang af van die klaer se geestestoestand op daardie oomblik.
- ’n Polisiebeampte behoort altyd vinnige en bekwame diens te lewer.
- Beamptes kan gerusstellende sinne gebruik soos “Ek verstaan” of “Ek sal my bes doen om jou te help met ...”.
- Dit is belangrik om die klaer gerus te stel, maar terselfdertyd nie te jok of beloftes te maak wat nie nagekom kan word nie.
- Die SAPD-lid behoort die klaer te verseker dat die klag belangrik is en dat SAPD-lede hul bes sal doen om die klag op bekwame wyse te hanteer.

Tree professioneel op wanneer die klag opgeteken word.

- Die derde stap is om die klaer so professioneel moontlik te hanteer. SAPD-lede moet elke klag deur lede van die publiek as belangrik beskou.
- Alle klaers verdien en behoort die beste moontlike aandag en diens van die SAPD te ontvang. (Enige 8 × 1) (8)

Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan punte vir logies korrekte antwoorde toegeken word. Die student moet sy/haar begrip van die konsep demonstreer deur die misdaadaanmeldingsproses te evalueer en dit te verbind met die scenario wat voorsien word. Maksimum VYF (5) punte kan vir hierdie vraag toegeken word. Enige VYF (5) van die volgende:

10.3
- Wanneer ’n persoon ’n misdaad by die polisie aanmeld, word die proses van strafregspleging gewoonlik geaktiveer. In hierdie geval het mnr Mailula ’n klag by die polisiekantoor ingedien.
- Die misdaad wat gepleeg is, kan ’n gemeenregtelike misdryf wees, soos aanranding, of ’n statutêre oortreding, soos in die scenario – rakende ’n verdagte wat in besit van ’n ongelisensieerde vuurwapen in die Southport-gebied was. ’n Spesifieke wet word dus uitgevaardig om ’n oortreding tot stand te bring.
- Soms dien die beseerde partye of slagoffers self ’n klag in.
- Enigiemand kan ’n klag indien, selfs iemand wat nie persoonlik verontreg is nie. In hierdie geval het die polisie na die genoemde woning gegaan nadat die klag ingedien is, en ’n soektog is uitgevoer.
- Toe hulle die huis deursoek het, het hulle een jaggeweer aangetref.
- Die verdagte is in hegtenis geneem en van die besit van ’n ongelisensieerde vuurwapen aangekla.
- Die vuurwapen waarop beslag gelê is, sal ook vir ballistiese toetsing gestuur word om vas te stel of dit in die pleging van enige misdaad in die land gebruik is.
- Die klag is dus suksesvol aanhangig gemaak. (Enige 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou